Name

# Ons versprei die nuus

Aan: bongi@library.com, jabu@library.com, anita@library.com, jan@library.com

Van: nico@school.com 1 Oktober 2013 14:22

Liewe Bongi, Anita, Jan en Jabu,

Soos julle weet, het ek stad toe getrek. Gauteng is 'n baie besige provinsie. Daar is meer as 11 miljoen mense hier! Dit is 5 en 'n half miljoen meer as die bevolking van Limpopo. Ek mis regtig Limpopo.

Daar is meer as 1 000 kinders in my nuwe skool. Die skool is naby aan die park en die swembad. Ek is bly daaroor, want ons woon op die vierde verdieping van 'n woonstelgebou en ons het nie 'n tuin nie, maar ek kan in die park speel. Ek is ook gelukkig dat ek oorkant 'n internetkafee woon. Ek gaan dikwels daarheen om rekenaarspeletjies te speel.

Ek hoop dat ek vir die sokkerspan gekies sal word, maar ek is nie so goed soos die ander onder-13-seuns nie. Ek hoop dat ek dalk die B-span sal haal.

Skryf asseblief vir my wanneer julle weer biblioteek toe gaan.

Groete

Nico

Stuur


LIVEWORKSHEETS

Lees die bostaande E-Pos mooi deur en beantwoord die volgende vrae na aanlyding van die e-pos.

| | |
|---|---|
| Wie het die e-pos geskryf? | |
| Op watter datum en hoe laat is die e-pos gestuur? | |
| Wat is Nico se e-posadres? | |
| Wat is Bongi se e-posadres? | |
| Van waar af het Nico en sy gesin verhuis? | |
| Waarheen het hulle verhuis? | |
| Hoe hanteer Nico dit dat hy nie 'n tuin het om in te speel nie? | |
| | |
| Dink Nico dat hy vir die sokkerspan gekies gaan word? Waarom? | |
| | |
| Hoeveel mense woon in die Gauteng-provinsie? | |
| Hoeveel mense woon in die Limpopo-provinsie? | |

Nou gaan jy jou eie e-pos skryf aan jou maat en vertel jou maat oor jou vakansie

LIVEWORKSHEETS




LIVEWORKSHEETS